

Wapendraer Toerusting – 37/ 2019

“Ek is die goeie Herder.” (Joh. 10:11)

Die Here Jesus sê “Ek is die goeie herder.”

Die meeste van ons ken nie die konsep van ‘n herder nie, tensy jy op ‘n plaas groot geword het en veral een met skaap op.

Tog die Here Jesus vertel ons wat ‘n goeie herder is.

‘n Goeie herder sal sy lewe gee vir die skape – die Here Jesus het dit vir ons gedoen.

‘n Goeie herder ken sy skape en hulle ken hom – ons is Sy skape en Hy is ons Goeie Herder.

Jesus ken ons almal by ons name, Hy weet hoeveel hare op ons hoof is, “En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.” (Matt. 10:30)

“Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.” Hy het ons wonderbaar gemaak. Hy ken ons diepste verlange “Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes, o God!”


Ons Here ken ons begin en einde. Hy ken ons stemme, ken ons God se stem?

Die Here sê dat sy skape Hom ken (vers 14), tussen allerhande stemme sal hulle die stem van die Goeie Herder herken en gehoorsaam.

Is ek en jy gehoorsaam aan die stem van ons Herder?

Raak ons stil genoeg om te hoor dat daar met ons gepraat word?

Is ons te besig met ons eie gewoel en gewerskaf?



Ons Almagtige Here en Bewaarder,

U is die deur; as iemand deur U ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. U het gekom, dat ons lewe en oorvloed kan hê.

Here Jesus, U skape luister na U stem, en U ken hulle, en hulle volg U. En U gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit U hand ruk nie. God die Vader wat hulle vir U gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van U Vader ruk nie. U en die Vader is een. (Joh. 10)

Here gee dat ons U eer, U alleen Here. Dat ons U getrou mag dien en dit van harte doen.

(2 Kron. 19:7)

Ons wil U bevele oordink en op U paaie let. Ons sal ons verlustig in U insettinge, U woord sal ons nie vergeet nie. Doen goed aan U knegte, sodat ons kan lewe; dan wil ons U woord bewaar. Open ons oë, dat ons kan sien die wonders uit U wet.

(Psalm 119:15-18)

Here gee dat ons nie kom op die pad van die goddelose en die weg van die slegtes betree nie.

(Spreuke 4:14)

Ons het U insig nodig om die Woord wat U vir ons gegee het te verstaan. Gee dat ons ‘n lewe lei wat ‘n Christus-karakter het. U weet wat elkeen van ons moet doen, wat daar van ons verwag word. Die lewe hier op aarde is nie maklik nie Here.

En net so laat U Gees ons swakhede te hulp kom, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar U Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. En U wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig U wil vir die heiliges intree.

(Rom 8:26-27)

Amen